# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -41/2024 –Januarie2024*

## SPOEDBEPERKING

Die spoed wat in ons oord gery word neem toe. Gevaarlike situasies ontstaan. Dis net genade dat geen ernstige beserings of skade tot dusver aangemeld is nie. Die spoedbeperking is **20 km per uur**. Net ingeval u dit gemis het, **DAAR IS RêRIG OOK HIER EN DAAR STOPSTRATE IN ONS OORD.**
Verdere irriterende spoedwalle sal geïnstalleer moet word om die veiligheid van ons inwoners te verseker. Maak ook seker dat u **kinders en besoekers** by die spoedbeperkings te hou.
Voorkeur op ons paaie moet gegee word aan **voetgangers, rolstoele en mobiliteit voertuie**.

**PROPPIES, GLAS, PAPIER, BLIKKIES ens.**
Almal wat hul plastiese doppies gereeld in die houer by ontvangs gooi; baie dankie, dit maak 'n bydrae vir nog 'n rolstoel vir nog iemand in nood.
Enige voorstelle van hoe ons hersirkulering kan verbeter?? Houer vir plastiek, blikkies, papier ens? Maar ons ouer inwoners sal onthou hoe die eerste paar jaar se pogings net 'n stinkende vullishoop veroorsaak het soos mense kos reste en ander nat nie hersirkuleerbare items daarby gegooi het.
Daar is soveel geld en hulp beskikbaar in ruil vir al die items?

## BRAAIAREA

Ons nooi inwoners en hulle kuiergaste om meer van die braai-area gebruik te maak. Dit is gratis beskikbaar vir ons inwoners en 'n heerlike kuierplek. Bespreek asseblief betyds by ontvangs.

## FEEDEM

a) Die Kombuis kantoor is nou vir u gerief 5 dae per week (Maandag tot Vrydag) oop vanaf **08:00 tot 16:00.**
b) Kiosk en koffie winkel is 7 dae per week oop, vanaf **08:00 tot 17:00.**
c) As u nog 'n krediet by Fedics gehad het is dit oorgedra na Feedem.
d) Gebruik ASSEBLIEF al u krediet voor die einde van Februarie, vir 'n skoon begin vanaf **1 Maart 2024.**
e) Feedem funksioneer kontantloos. Slegs kaarte sal aanvaar word in koffiewinkel en kiosk. Die enigste kontant sal by hul kantoor aanvaar word en dit sal dan op u Taggie geplaas word sodat u by die kiosk en koffiewinkel ook daarmee kan betaal.
f) Aflewering van etes sal geskied tussen **11:30 en 14:00**. Die koste beloop R4.00 per aflewering, per eenheid, tensy vrygestel met brief van Ina of Andrea (Susters by Kliniek en Sorgsentrum).
g) Afhaal van etes is stiptelik tussen **11:00 en 11:45.** Dit is baie ontwrigtend as u kom afhaal terwyl etes bedien word in die eetsaal. **HOOGS UITSONDERLIKE GEVALLE SAL SOVER MOONTLIK GEHELP WORD, maar u geduld sal waarskynlik beproef word.!!!!**
h) Indien u etes wil kanselleer, moet voor **11:00** die vorige dag gedoen word, Maandag tot Vrydag.
i) **Krisis** kansellasies van etes vir 'n Sondag of Maandag kan Saterdae of Sondae voor **11:00** by die koffie winkel gedoen word.
j) Hulle voorsien ook heerlike "platters" vir funksies soos verjaarsdae en kuiers. Kontak hulle asb., die pryse en gehalte is goed.
k) Etenstye in die eetsaal is Maandae, Dinsdae, Donderdae en Saterdae van **11:45 tot 12:45**.
Woensdae, Vrydae en Sondae is daar twee sessies. Die eerste sessie is van **11:45 tot 12:45.** Daarna moet eetsaal weer gereed gemaak word vir die volgende sessie wat duur van **13:00 tot 14:00.**
**HOU BY HIERDIE TYE ASSEBLIEF**

## SORGSENTRUM

Ons sorgsentrum funksioneer baie goed en besetting is gereeld tot 100%. Woon gerus hul opedae, soos aangekondig van tyd-tot-tyd, by. Na so ’n besoek sal u vrees om daar te beland verdwyn.

## BLOKLEIERS

Daar word beplan om ‘n “Blokleiers stelsel” in werking te stel. Indien u sou belangstel om betrokke te raak, gee asseblief u besonderhede by die kantoor in. Fyner besonderhede rakende hierdie projek word tans uitgewerk.

## WATERBEPERKINGS

Beperkings is steeds van krag en inwoners kan slegs van **18:00 tot 06:00** tuine met **tuinslang in die hand natspuit.**

- Geen sproeiers mag gebruik word nie en plaveisel mag ook nie afgespuit word nie.
- Voertuie moet met ‘n emmer gewas word.

Die enigste spesiale toegewing is dat ons nie tot **09:00 soggens en na 16:00 in die middae** namens die munisipaliteit  teen u sal optree nie, dit geld slegs ten opsigte van **tuin natmaak met tuinslang in u hand. Hierdie uitsondering geld nie vir motors was, plaveisel afspuit, of sproeiers nie.**

## WERKERS

Alle werkers moet ten alle tye deur die voetganger hek by sekuriteit gaan.

## TROETELDIERE

Die reëls oor troeteldiere moet streng nagekom word. Boetes sal uitgereik word indien dit nie gebeur nie. **Moedeloos met die wat nie hul honde se uitwerpsels optel nie**. Boete onmiddellik R1 000 vir elke keer. Rapporteer asseblief as u dit sien. Geen honde op vloere 1 tot 3 in woonstelle toegelaat nie.

## BALKONNE

Volgende vergadering Woensdag 24 Januarie 10:00 op stoep nr 1.
Ontruimingsoefening sal ook bespreek word.

## VOER VAN DUIWE

Ons sal begin om ernstig op te tree teen mense wat steeds aanhou om duiwe/voëls te voer. Dis nie toelaatbaar nie. Dit veroorsaak baie ekstra skoonmaakwerk en is ook ’n gesondheidsgevaar. Daar moet gereeld kostes aangegaan word om van die duiwe oorlas ontslae te raak.

## LITHIUM BATTERYE BRANDBLUSSER

Sommiges sê dit vereis ‘n 2kg CO2 blusser. Ander sê geen blusser sal werk nie. Maar vir die wat wil seker maak dat ‘n moontlike versekeringseis nie uitbetaal sou word nie, kry tog maar ’n brandblusser. Die wat hul eie risiko wil dra sal in geval van brand dit so ervaar.

## SEKURITEITS KANTOOR BY INGANG

Daar sal binnekort begin word om die kantoor op te knap. Dit sal ’n tydelike mobiele kantoor vereis by die uitgaan kant, in die laan naaste aan die huidige kantoor. Dit sal vereis dat almal deur die linkerkantste groot hek sal moet uitgaan. Wees geduldig indien nodig. Dit sal oor so’n kort moontlike tyd afgehandel word.

***Ondersteun die koffiewinkel, Dinsdag-mark, haarsalon, rolbal, mandjiedanse, eetsaal, braaigeriewe, maandmarkte, uitstallers, sorgsentrum, skoonheidsalon, kaas en wyn funksies, sop-en-sjerrie aande, gaskunstenaarsaande, kerkdienste, biblioteek, bybelstudies, kaartspeletjies, bingo, feeste, rummikub, tuindienste, skoonmaakdienste, tuisversorging, medikasie beheer, kliniek, kiosk, lyndans, trimgim, Dokter, oordsuster, wassery, straatbraaie, facebook, ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!***